

# DIE BYBEL

## in 'n neutedop

### Habakuk

—deur Peter Hammond



*“Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die HERE soos die waters die seabodem oordek.” Habakuk 2:14*

**H**abakuk is vir ons vandag baie relevant. Dit raak moeilike vrae aan:

- Hoekom ly die onskuldiges?
- Hoekom word skuldiges vrygespreek?
- Hoekom straf God nie die boosdoeners nie?

#### Wie was Habakuk?

Habakuk beteken 'een wat omhels / een wat vasdruk'. Dit is 'n stoeiterm. Habakuk het in die Tempel in Jerusalem gewerk. Hy was 'n tydgenoot van Jeremia, Esegjël, Daniël en Sefanja.

#### Ondervraende gebed

Die boek Habakuk is in dialogiese formaat (soos Job). Habakuk het in ondervraende gebed geglo. Voorbiddende gebed is wanneer

ons iets van God vra. Ondervraende gebed is wanneer ons vrae aan God stel. Habakuk het moeite gehad om sy geloof in 'n goeie, regverdige, billike en almagtige God te versoen met die heersende boosheid in Jerusalem. Hy het met 'n alewige “Hoekom?” geworstel.

- Hoekom laat 'n Heilige God afskuwelike misdade ongehinderd voortgaan?
- Hoekom gaan dit goed met die boosdoeners?

God se oordeel

- **Hoofstuk 3:** Verlustiging in God se soewereiniteit.

#### Waarom seëvier die bese nasies?

Habakuk is verstom en verslae oor God se skrikwekkende oordeel. Die Babiloniërs blyk egter selfs erger as die Assiriërs te wees! Habakuk was bekommerd oor sy teruggevalle volk

**Dit was vir Habakuk moeilik om sy geloof in 'n goeie, regverdige, billike en almagtige God te versoen met die heersende boosheid wat hy in Jerusalem aanskou het.**

- Hoekom lyk dit of die Here ten tyde van rampe swyg?

#### Die struktuur van die boek Habakuk

- **Hoofstuk 1:** Worsteling met die probleme van boosheid
- **Hoofstuk 2:** Begrip vir die belangrikheid van

en die gebroke wêreld; hy het geweet dat God boosheid moet oordeel, maar hoe kon 'n Heilige God so 'n bese nasie soos die Galdeërs gebruik om 'n nasie soos Juda te oordeel, wat nie naastenby so boos was soos diegene wat “gedurigdeur nasies doodmaak sonder verskoning” (1:17).

### Wanneer het Habakuk bedien?

Habakuk het gedurende die laaste dae van die Assiriese Ryk geprofeteer, en aan die begin van die opkoms van Babilon. Habakuk het tydens die hervormings van koning Josia (2 Konings 22, 23) geleef, wat baie van die afgodiese praktyke van sy pa, Amon, en oupa Manasse, afgeskaf het (2 Konings 21:11-22). Die Assiriese Ryk het tot 'n val gekom, net soos Nahum geprofeteer het. Egipte en Babilon het vir oorheersing gewedywer. In 605 v.C. is die goeie koning, Josia, tydens die veldslag van Karkemis gedood. Die Godspraak van Habakuk is gedurende die beginjare van koning Jojakim (609-598 v.C.) se bewind verkondig. Dit was 'n tyd van toenemende sedelike en geestelike agteruitgang in Juda. Jojakim se bese bewind was jammerlik teenstrydig met die voorafgaande tyd onder sy pa, koning Josia (Jeremia 22-26).

### Worsteling met pruwelike boosheid

Habakuk was verward en verbysterd. Hy het tydens die groot reformatie onder koning Josia geleef. Hy het die val van die bese Assiriese Ryk aanskou, maar toe sien hy die opkoms van 'n ander bese mag, Babilon. Die hele wêreld was in beroering. Daar was oral geweld. Wetteloosheid was aan die orde van die dag. God se volk is onderdruk. Openlike afgodery het die aanbidding van die enigste ware God vervang. “Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag” (1:4).

### 'n Vreesaanjaende oordeel

So reageer die Here op die profeet Habakuk: “Aanskou onder die nasies en merk op, en staan verstom, verstom; want Ek gaan iets in julle dae doen wat julle nie sal glo as dit vertel word nie...Want kyk, Ek gaan die Chaldeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie...Verskriklik en gedug is hy...Hulle kom almal om geweld te pleeg...”(1:5-9).



#### Skryf die visie neer en waarsku die volk

Habakuk kondig aan dat hy na die wagtoring sal opgaan en op die vestingmuur sal staan in afwagting op die Here se antwoord “om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf.” (2:1). Die Here reageer, en beveel Habakuk: “Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette...” (2:2). God beveel Habakuk dat hy na die strate moet afgaan en skryf wat Hy hom beveel het sodat verbygangers dit kan lees. Habakuk moet die volk waarsku.

#### Vyf oordele oor Babilon

God verklaar vyf oordele oor die Galdeërs:

1. **Onreg** – die uitbuiting van nasies deur afpersing, om ander mense te beroof van die vrug van hulle arbeid. “...wat hom verryk met goed wat nie syne is nie”. God haat diefstal en roof. Valse gewigte en mates is vir Hom 'n gruwel.
2. **Gierigheid** – “Ellende wag vir hom wat hom verryk met goed wat nie syne is nie...”, Jy het skande beraadslaag vir jou huis: die uitroeiing van baie volke, en het jou lewe verbeur.” Gierigheid en afguns sal oordeel maai, want “dis so onversadigbaar soos die dood” (2:5).
3. **Bloedvergiëting** – “Ellende wag vir hom wat 'n stad bou met moord, wat 'n dorp aanlê met onreg.”
4. **Dronkenskap** – “Wee hom wat aan sy naaste drank gee...want die geweld aan die Libanon gepleeg, sal jou oordek; en die verwoesting waarmee die diere skrikgemaak is — weens die bloed van die mense en die geweld teen die land, die stad en al sy inwoners.” (2:17). Vir die verwoesting van die oerwoude van Libanon

en die massaslagting van diere vir hulle ivoor, tande en velle, sal die Here mense tot verantwoording roep. Dronkenskap, losbandigheid en die verwoesting van God se woude en diere sal veroordeel word.

5. **Afgodery** – Dié wat mensgemaakte afgode van hout, klip en metaal aanbid, ignoreer die enigste ware God. Afgodery is die sonde wat in die Bybel die ergste veroordeel word.

#### Bedek met God se heerlijkheid


Babilon se glorie sal met skande bedek word vanweë hulle besope losbandigheid, skandelige gedrag, genadelose uitbuiting, plundering van nasies en vernietiging van woude en wild. God sal Babilon met skande beklee en heeltemal vernietig. Maar, “Soos waters die seabodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word.” (2:14).

**Die nagevolge van die boosheid in Habakuk is vandag nog waar. Die goddelose is gedoem, maar vir God se volk is daar 'n heerlike toekoms. God kan bese bedoelinge ten goede laat meewerk.**

“Maar die HERE is in Sy heilige tempel — swyg voor Hom, o ganse aarde!” Hab:2:20

#### Babilon sal geoordeel word

Die feit dat God Babilon gebruik het om Sy volk te straf, beteken nie dat hy hulle met boosheid sal laat wegkom nie. Moenie 'n fout maak nie, Babilon sal gestraf word, maar God gaan Babilon eers gebruik om Juda en Jerusalem te straf.





# DIE BYBEL

## in 'n neutedop

### Habakuk



### Kontraste in Habakuk

Daar is 'n geweldige kontras tussen die eerste twee hoofstukke, en Habakuk hoofstuk 3.

#### HOOFSTUK 1 – 2

- Worstel met God
- Ongelukkigheid
- Geskreeu
- Gebed
- Ongeduld
- Vra vir geregtigheid
- Terneergedruktheid
- God is oënskynlik onaktief

#### HOOFSTUK 3

- Rus in God
- Vreugdevol
- Sang
- Lof
- Geduld
- Vra om genade
- Verblyding
- God, aktief in die verlede en die toekoms

#### Die regverdige sal deur die geloof lewe

“Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.” (2:4). Die hoogmoedige vertrou op homself. Die regverdige vertrou egter op God. Die regverdige lewe deur die geloof. Die Apostel Paulus gebruik Habakuk 2:4 as 'n grondliggende teks vir die verkondiging van die Evangelie. “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo...soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.” Rom 1:16-17. Ware reddende geloof is bonatuurlik, 'n genadige gawe van God, wat Hy in die weergebore hart skep. 'n Mens kan ware geregtigheid beleef slegs deur God se genade wat deur geloof aangeneem is. Sonde is onversoenbaar met God se heiligheid. Habakuk kan beskou word as 'n voorloper van die Protestantse Her-

floreer, en die heerlikheid van die Here sal die aarde vul. Die boosdoeners is gedoem, maar vir God se volk wag daar 'n heerlike toekoms. Die kwaad wat mense bedink, kan God ten goede gebruik.

#### Vra moeilike vrae

Habakuk bevestig dat ons in 'n gevalle wêreld leef. Dit is nietemin nie verkeerd om moeilike vrae aan God te rig nie. Dit is goed om in geloof moeilike vrae te vra. Al verstaan ons nie altyd wat die Here agter die skerms doen nie, kan ons heeltemal seker wees van Sy ewige bedoelinge. Ons kan dalk nie altyd God se wil verstaan nie, maar ons kán dit vertrou!

#### Ongeregtigheid verdien oordeel

Geregtigheid vir baie van die mens se boosheid geskied dikwels nie hier op aarde nie. Die probleem van lyding vestig nietemin ons

**Habakuk bevestig dat ons in 'n gevalle wêreld leef. Al verstaan ons nie altyd wat die Here agter die skerms doen nie, kan ons absolute vertroue in Sy ewige bedoelinge hê.**

vorming. Dit is hierdie vers in Habakuk 2:4, soos deur Paulus uiteengesit, wat die hervormer, dr. Martin Luther, diepgaande beïnvloed het. “Die regverdige sal deur die geloof lewe” het die wagwoord en slagspreuk van die Hervorming geword, die proklamasie van die grondliggende leerstelling van Regverdiging deur die Geloof (Gal 3:10-24).

#### Boosdoeners verdoem, regverdiges floreer

Die Galdeërs, benewel deur die bloed van die nasies wat deur hulle geplunder is, sal op die regte tyd vernietig word. God se volk sal egter

aandag op die lewe hierná. Daar kom 'n Oordeelsdag. Die Ewige Skepper, ons Ewige Regter, sal almal tot verantwoording roep en alles uiteindelik regstel.

#### God in Habakuk

Habakuk openbaar baie omtrent God se karakter. God is heilig (1:12,13; 3:3), regverdig (1:12), soewerein (2:20; 3:19), onveranderlik (1:12, 3:6), genadig (3:2), die Verlosser (3:13,18), die Regter (2:13,16; 3:3-15), en die Een wat Waarheid Openbaar (2:2), Jesus is: “God, my Redder” (3:18).

#### 'n Gebed vir herlewing

Die profeet reageer op die Here se openbaring met 'n opregte gebed vir herlewing: “Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met



ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat U dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in U toorn” (3:2).

#### Vier God se geregtigheid en mag

Die derde hoofstuk is 'n musikale profesie. Habakuk 3 eindig met 'n loflied van vertroue in die Here. Die heerlikheid en helderheid van God se lig word gevier. Sy mag word erken – selfs in pessiëktes, koors, beproewing, in Sy woede en toorn. Die wapens van God word herken in Sy pyl en boë, in Sy strydwaens van Verlossing, Sy spiese, aardbewings, vloede en stormwinde.

#### Vertroue in ons Skepper

“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen duiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.” Hab 3:17-19. Vreugde is 'n keuse ongeag ons omstandighede.

Selfs al stort alles wat normaal en voorspelbaar is in duie, sal die profeet hom nog steeds in God verlustig – vir wie Hy is, en nie net vir wat Hy doen nie. Selfs op steil kranse kan ons God vertrou om ons voete te maak soos dié van 'n ribbok. Die vrees van die Here is die begin van wysheid. Die Here skenk krag, vaardigheid en standvastigheid aan Sy diensknegte.

#### Hebreërs haal Habakuk aan

“Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehag in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.” Heb 10:36-39. ■

DR PETER HAMMOND is 'n sendeling, Bybel-leraar en outeur. Skakel 021 689 4480; of sien [www.frontline.org.za](http://www.frontline.org.za); [mission@frontline.org.za](mailto:mission@frontline.org.za)

# RONDONOM DIE WOORD

VIDEO'S NOU GRATIS BESKIKBAAR!



Dr. Pieter Erens Barkhuizen

Soos gesien op die gewilde Kruiskyk-program met Sistematiese Teoloog en skrywer, dr. Pieter Erens Barkhuizen.



### HOE OMKRUISKYK – AFLEWERINGETE ONTVANG

Daar is altesaam 38 Vraag-en-Antwoord-video-aanbiedinge (elk 25 min lank), wat op aanvraag, teen 'n tempo van TWEE per week, aan u e-pos adres gestuur word. Registreer op ons data-basis deur slegs u naam en e-pos adres aan [rondomdiewoord@gmail.com](mailto:rondomdiewoord@gmail.com) te stuur, en ontvang die eerste twee aanbiedinge binne ure!

### INTERESSANTE ONDERWERPE WAT ONTLEED WORD

- † Die twee groot geskenke van God aan elkeen van ons
- † Die heilsame gebruike van alkohol volgens die Bybel!
- † Wie is God werklik? Een in drie of drie in Een? (4 programme)
- † Wat is die doel van die aardse millennium en wanneer begin dit?
- † Die Bybelse doop: groot, klein of onnodig?
- † Die antichris en merkeken van die Dier. Is dit die Pousdom?
- † Die laaste drie oorloë ... een begin binnekort!
- † Wat presies is die Ou en Nuwe Verbonde?
- † Talepraat: sin of onsin?
- † Die waarheid aangaande Daniel 8:14?
- † Waarom so baie kerkmense glo Mattheus 12:40 verwys na 'n Woensdag-kruisiging
- † Die Sabbat en die feesdae: nog vir ons bedoel?
- † Toestand van die dode: Kan geliefdes ons uit die Hemel dophou?
- † Wie is die 144 000 presies?
- † Selfdegeslagsverhoudings in die Bybel en die gay-leefstyl
- † Hoe kan ek my slegte gewoonte dadelik oorwin?
- † Geestelike oorlogsvoering: kan enigenen duiwels uitdryf?
- † Is die Tien Gebooie aan die Kruis genael? Hoekom so?
- † Misverstande in die huwelik
- † God se regte Naam en NOG BAIE ANDER VRAE!

\*Verwys na hierdie advertensie en vra nou aan by [rondomdiewoord@gmail.com](mailto:rondomdiewoord@gmail.com). Ons vra of ontvang GEEN donasies nie!

\*\* (Kyk die Afrikaanse program, Rondom Die Woord, op Kruiskyk TV Saterdag 11:30 VM, met heruitsendings op Dinsdag 6:30 VM, en Vrydag 5:30 NM) Vra dit aan van: [rondomdiewoord@gmail.com](mailto:rondomdiewoord@gmail.com)

